Meer oor verskillende kultuurgroepdanse

Jazz het in die VSA ontstaan. Die waarneem van die aksies van stadsbewoners het hierdie dansstyl geïnspireer.

Kwassa kwassa het uit Zaïre in die 1960's gekom. Een, twee of meer mense kan gelyktydig hierdie dans doen. Dit lyk soos die vlug van 'n hommelby. Die kitaar begelei die dans en dit is meestal vroue wat hierdie dans doen.

Die Isicathulo het ontstaan met die bekendstelling van skoene by die sendingstasies. Jy kan die skerp klanke van die stewels en die klap van hakke in die dans hoor.

Kwela beteken om te spring. Dit is 'n vinnige dans wat mense op die klank van die kwêlafluit dans. Die dans is waarskynlik gebaseer op die ervaring van swart mense wat deur die polisie beveel is om tydens die apartheidsjare in vangwaens te spring.

Marabi het in die sjebeens tydens die 1920's en 1930's ontwikkel. Die marabi word met marabi-musiekbegeleiding gedans. Die dans het geen formele bewegings nie, maar is bekend vir sy ritme. Dit kan alleen of saam met 'n maat gedans word. Marabi het met *kwela* in 'n Suid-Afrikaanse vorm van jazz genoem *mbaqanga* gemeng.

Die *Indlamu* is 'n Zoeloedans wat deur Amerikaanse "swing" beïnvloed is. Mense in die swart woonbuurte het na Amerikaanse rolprente gekyk en is deur die Afro-Amerikaanse kultuur beïnvloed, omdat beide kulture onderdruk is.

Sedert die 1994-verkiesing in Suid-Afrika het nuwe dansstyle ontwikkel. Kwaito-musiek het gewild geword. Die "Mandela jive," die "chicken dance", en die kwassa-kwassa is nou gewild.

Die marabi

Die pantsula

Die kwassa-kwassa